



VERLOFKITSGIDS

Kraamverlof

Vier maande teen volle KVI, mits die personeellid 'n onderneming teken dat sy na afloop van die kraamverlof nog minstens een jaar in diens van die US sal bly. Indien die personeellid haar diens beëindig voordat die volle jaar verby is, moet sy haar kraamvoordeel pro rata – bereken volgens die onverstreke gedeelte van die eenjaartydperk – aan die US terug betaal.

Onbetaalde verlof: Personeel lê hierdie soort verlof self op die stelsel vas in blokke van maande.

Dit wil sê, as 'n persoon twee maande onbetaalde verlof wil neem, kan dit nie aaneenlopend op die stelsel vasgelê word nie, maar as twee afsonderlike maande. 'n Personeellid wat onbetaalde verlof van meer as 14 dae neem, verdien in daardie tydperk geen jaarlikse verlof nie.

Navorsingsgeleentheid

Die Kliëntedienssentrum hanteer hierdie soort verlof.

Menslikheidsverlof (wanneer personeel daarvoor in aanmerking kom, en vir hoeveel dae)

Die Kliëntedienssentrum hanteer alle navrae en vaslegging op die stelsel.

Uitbetaling van ophoopbare verlof

Personeel lê self ophoopbare verlof van hoogstens 20 dae op Oracle vas.

Vir uitbetaling van meer as 20 dae moet die uitbetalingsvorm voltooi en aan Kliëntedienssentrum gestuur word vir uitbetaling. Die maksimum aantal dae wat opgehoop kan word, beloop 220.

Siekteverlof

Personeel lê hierdie tipe verlof self op Oracle vas.

Siekteverlof van 4 maande in 'n driejaarsiklus word ten volle uitbetaal, en 4 bykomende maande in dieselfde siklus teen 50% van Pensioendraende vergoeding.

Jaarlikse verlof

Personeel lê hierdie soort verlof self op Oracle vas.

Aanstellings voor 31 Desember 2007

Posvlak	Jaarlikse verlof per jaar (werksdae)	Ophoopbare gedeelte per jaar (werksdae)
1 – 8	38	16
9.1 – 11.2	32	10
12.1 – 19	25	8

Aanstellings vanaf 1 Januarie 2008

Posvlak	Jaarlikse verlof per jaar (werksdae)
1 – 8	30
9.1 – 11.2	25
12.1 – 19	20

Verdere besonderhede van die verskillende verlofvoordele is elektronies beskikbaar by:

<http://www0.sun.ac.za/hr/af/dokumente/beleide-en-prosedures/#verlof>